Swartland High School

(022) 482 1469
admin@swartlandhs.co.za
www.swartlandhs.co.za
PO Box 253, Malmesbury, 7299

Hoërskool Swartland Beheerliggaam Matriekafskeidbeleid

Opgestel deur Beheerliggaam

---------- ----------

P Bester
Voorsitter

AJ Schoonraad
Skoolhoof

Datum: ----------

Swartland High School

(022) 482 1469
admin@swartlandhs.co.za
www.swartlandhs.co.za
PO Box 253, Malmesbury, 7299

MATRIEKAFSKEIDBELEID

1. ***DOEL:*** Om ‘n gr.12-skooljaar met ‘n deftige, formele funksie af te sluit.

2. ***OUERS SE VERANTWOORDELIKHEID:***

   2.1 Uitnodigings
   2.2 Kos
   2.3 Saalversiering
   2.4 Bediening van die kos
   2.5 Opruiming na die funksie

3. ***ONDERWYSERS SE VERANTWOORDELIKHEID:***

   3.1 Koördineringsvergadering om die bestuur te kies.
   3.2 Skakeling met leerders.
   3.3 Ondersteuning van die ouerkomitee.
   3.4 Hantering van uitskiete.

4. ***ADMINISTRATIEWE PERSONEEL:***

   4.1 Insameling van gelde - Finansiële beampte
   4.2 Betaling van rekeninge - Finansiële beampte
   4.3 Bedankings - Administratiewe beampte
   4.4 Skakeling vir die leen van breekgoed vir die skool – Administratiewe beampte

5. ***LEERDERS SE VERANTWOORDELIKHEID:***

   5.1 Samewerking t.o.v betaling.
   5.2 Hou by tydskedules en reëlings.
   5.3 Geen drankgebruik tydens die funksie.
   5.4 Slegs die funksie verlaat na die nagereg bedien is.

6. ***BELEID TEN OPSIGTE VAN METGESELLE:***

   6.1 GEEN gr. 8 - 10 leerders mag die funksie bywoon nie ook nie van ander skole nie. SLEGS gr.11 en 12 leerders van Hoërskool Swartland mag die funksie bywoon. Leerders van Hoërskool Swartland betaal die toepaslike tarief wat vasgestel is vir die jaar en buite-leerders betaal die verhoogde tarief, ook soos vasgestel vir daardie jaar.

   6.2 Indien leerders van buite die skool genooi word, geld die volgende:

   6.2.1 Metgeselle, tot en met 20-jarige ouderdom mag die funksie bywoon. (Slegs oud HSS-leerders). ‘n Verhoogde tarief soos van jaar tot jaar bepaal, sal gevra word.

6.2.2 Indien uitgeskiet word, moet ‘n verhoogde bedrag soos daardie jaar bepaal sal word, betaal word vir die voorreg om ‘n gr. 11 of 12 leerder van ‘n ander skool te nooi of ‘n oudleerder (tot en met 20 jaar) van HSS. Die bedrag sal jaarliks aangepas word.

6.2.3 Indien uitgeskiet word, kan die keuringskomitee ‘n persoonlike onderhoud met die persoon voer.

6.2.4 ‘n Kopie van die ID-dokument en ‘n huidige paspoortfoto moet verskaf word.

6.2.5 ‘n Ander skool se leerder moet ‘n brief inhandig met die briefhoof van die skool waar hy/sy ‘n leerder is en wat onderteken is deur die betrokke skool se hoof.

6.2.6 Die afsnydatum vir die aansoek vir buiteskiete is agt (8) weke voor die matriekafskeid sodat daar nog twee (2) weke tyd is om ‘n alternatiewe metgesel te kry indien die aansoek afgekeur word.
Dus moet alle name (finale naamlys) 6 weke voor tyd aan die komitee bekend wees.

6.2.7 Keuringskomitee sal bestaan uit die Skoolhoof en die verteenwoordigende onderwyser, die voorsitter van die matriekafskeid-komitee en nog een personeellid wat veral ons oudleerders goed ken.

6.2.8 Twee datums sal aan die matrieks gegee word waarop die onderhoude deur die keuringskomitee gevoer sal word.

6.2.9 Funksie-etiket moet deur die verteenwoordigende onderwyser met die matrieks bespreek word.

6.2.10 Geen terugbetaling van fooie met kansellasie is van toepassing na afsnydatum nie. Finale afsnydatum is 6 weke voor die matriekafskeid.

6.2.11 Die matriekafskeidkomitee in oorleg met die skoolhoof bepaal jaarliks die koste van die kaartjies. Die koste van die spyseniering word wel deur die komitee bepaal, na aanleiding van die spyskaart.

6.2.12 Onderwyspersoneel wat daardie jaar vir matrieks klasgegee het, gaan gratis (hul gades betaal dieselfde prys as die leerders se kaartjies). Die skoolhoof, adjunkhoof, verteenwoordigende onderwyser en beheerliggaamvoorsitter en hul gades gaan gratis.

Alle ander onderwyspersoneel en adminpersoneel gaan teen die koste van die spyseniering alleen. Hulle gades betaal dieselfde prys as die leerders se kaartjies.

Swartland High School

(022) 482 1469
admin@swartlandhs.co.za
www.swartlandhs.co.za
PO Box 253, Malmesbury, 7299

Beleidswysigings

Die skoolbeheerliggaam kan hierdie beleid van tyd tot tyd wysig, aanvul, verander of aanpas en is ook van toepassing op sosiale media.

GETEKEN TE _____ OP HIERDIE _____ DAG

VAN _____ .

_____ _____

Beheerliggaamvoorsitter Skoolhoof